



DIE STRANDLOPERS 10

Hierdie is die tiende verslag vanjaar.

Politiek

- Die Wit Huis sal nie weer dieselfde wees nie. Wie onder die huidige ekonomiese omstandighede gepoog het om die mag in die Wit Huis te bekom, moes baie meer moed as wysheid hê. Ek vermoed dat die president wat volgende jaar die leisels in die VSA oorneem, baie min beweegruimte sal hê en noodgedwonge baie van die beleidsbesluite wat tans geneem is, sal moet uitvoer – wat die ekonomie betref sowel as die oorloë in Irak en Afghanistan.
- Die plaaslike politieke omgewing bly baie opwindend en sal heel moontlik in komende maande nog baie opwinding veroorsaak.
- President Robert Mugabe is vasbeslote om verder toesig te hou oor die vernietiging van sy land se ekonomie. Ek is al meer van mening dat die magsdelingsooreenkoms eerder een van magsbehoud is. “Toerisme” vanuit Zimbabwe na die RSA behoort in komende maande verder toe te neem.
- Die oorlog in die ooste van die DRK, bly onrusbarend.
- Somaliese en ander Afrika seerowery is steeds op die kruin van die golf, maar kan dalk ook benadeel word indien die resessie in die wêreld ekonomie verder verdiep. Gelukkig dat die RSA nou so ‘n sterk en moderne vloot het om te voorkom dat hierdie aktiwiteite na ons gebiedswaters uitbrei.

Internasionaal

- Die internasionale finansiële krisis het die afgelope maand verder verdiep en die impak daarvan op die res van die ekonomie word al hoe meer gesien.
- Die wantroue wat reeds geruime tyd in die internasionale finansiële sektor aanwesig is, duur voort niesteenstaande die verlaging van amptelike rentekoerse deur onder andere die sentrale banke van die VSA, VK, Euroland, Swede, Kanada, Switserland, China, Indië, Suid-Korea.
- Die huidige finansiële sektor probleme het hul oorsprong in die middel tagtiger jare gehad toe VSA banke nuwe finansiële produkte ontwikkel het. Hulle het die maandelikse betalings wat gevloei het vanuit die terugbetalings van motorlenings,

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

kredietkaartskuld, musiektantieme en later huislenings –ongelukkig ook heelwat sub-prima huislenings – gepeel. Hierdie betalings is van die banke se balanstate geneem sodat daar minder reserwes gehou kon word en die winsgrense hoër kon wees. Beleggers kon in hierdie instansies belê en het dan 'n maandelikse opbrengs op hul geld gekry. Omdat hierdie wyse van sake doen meer winsgewend was, het banke minder afhanklik geword van hul tradisionele besigheid, nl om deposito's te kry wat dan weer uitgeleen is teen 'n hoër koers. Hierdie samevoeging van verbruikers- en huislenings in pakkies van sekuriteite is gretig deur oorsese finansiële instellings nagevolg en was die grootste VSA uitvoerprodukt van die 21ste eeu. Volgens die Securities Industry Financial Markets Association is sedert 2001 meer as \$27 triljoen van hierdie sekuriteite verkoop wat amper tweekeer meer is as die bruto binnelandse produk van die VSA in 2007 nl \$13.8 triljoen.

- Die ramspoedige gevolge van hierdie transaksies was dat banke reeds meer as \$690 miljard in die afgelope jaar afgeskryf het waarvan sowat 40% buite die VSA is. Dit het tot die grootste finansiële krisis sedert die Groot Depressie gely, tientalle banke en finansiële instellings het verdwyn of is oorgeneem en sowat \$3 triljoen staatsfondse en waarborge is gegee om die verspreiding van die probleem te beperk.
- Steeds is daar egter 'n tekort aan likiditeit wat uiteindelik nie net die finansiële sektor kortwiek nie, maar die wêreldekonome. Die spoed waarmee hierdie probleme uitkring is steeds verstommend. Nie net word die VSA huismark geraak nie, maar is die VK, Ierland, Spanje, Australiese huismarkte ook onderhewig aan aanpassings wat tot afnames van meer as 40% in huiswaardes kan lei. Die verbruikersmark word ook geraak deur die opdroog van lenings, terwyl die motornywerheid een van die grootste afnames in verkope in dekades beleef. Die verswakking van die algemene verbruikersvraag lei tot die verswakking van kommoditeitsmarkte wat in Oktober die grootste daling in meer as vyftig jaar ervaar het. Terselfdertyd beleef die wêreldaandelemarkte een van hul swakste maande in baie dekades omdat aanvaar word dat maatskappywinste in die volgende jaar swak sal vertoon en aandele verkoop word om ook kontant in die hande te kry.
- Tans word groeivoorsigte vir alle groot nywerheids- asook die meeste ontluikende lande afwaarts aangepas. Negatiewe groei word in die VSA en ander nywerheidslande tot minstens die middel van volgende jaar verwag. Ontluikende lande sal nie die

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

verwagte resessie ontsnap nie en China kan groei van selfs minder as 8% in 2009 toon. Die IMF het ook sy verwagte groei vir die wereldeconomie verlaag tot 2.2% in 2009. Die fokus van die sentrale banke verskuif steeds van die bekamping van inflasie na die voorkoming van 'n diep en uitgerekte resessie. Die verwagting is dat inflasie in die komende maande aansienlik sal daal weens die afname in groei en kommoditeitspryse.

- Alhoewel korttermynrentekoerse in die meeste groot nywerheidslande reeds onder die inflasiekoerse is, word verwag dat hierdie koerse in die VSA, VK, Euroland verder kan daal in die res van die jaar.
- Die vlug na veiligheid het meegebring dat langtermynrentekoerse in baie lande ook gedaal het met die sterk invloed van fondse in staatseffekte – veral VSA staatseffekte. (dit laat die dollar versterk teen alle geldeenhede.)
- Die aanduiding is dat kommoditeitspryse in die res van die jaar en ook in die eerste helfte van 2009 verder kan daal. Dit het dan ook daartoe gelei dat verskeie ontwikkelingsprojekte op die langebaan geskuif is.
- Die goudprys het ook onder druk gekom weens die aanname dat inflasie in die res van die jaar en in 2009 nie 'n wesentliche probleem sal wees nie en dat beleggers likiditeit nodig het. Onsekerhede in die finansiële markte kan wel tot 'n styging van die goudprys van tyd tot tyd lei.
- Die olieprys het van sy rekordprys van meer as \$147/vat in Julie vanjaar tot selfs minder as \$60/vat gedaal in die jongste verlede. Net soos die styging tot meer as \$147 as oormatig beskou word, word die daling tot minder as \$60/vat ook as oordadig beskou. Die verwagting is dat die olieprys op vlakke van tussen \$60 en \$70/vat kan stabiliseer. Die laer pryse sal ook die ontginning van nuwe oliebronne vertraag en kan tot nuwe rekord pryse in die volgende ekonomiese opswaai lei.

Plaaslik

- Private verbruiksbesteding word steeds geknel deur die hoë voedsel- en energiepryse – nieteenstaande die onlangse verligting wat wel plaasgevind het – asook die baie hoë skuld- en relatief hoë rentekoerse. Daarteenoor ontvang die sowat 13 miljoen verbruikers wat van welsynstoelaes afhanklik is tans 'n bietjie verligting weens hoër staatstoelaes. Hierdie besteding hou baie plattelandse gemeenskappe aan die gang. Die plaaslike ekonomie sal egter nie die internasionale likiditeitskrisis en verwagte resessie

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

kan ontsnap nie. Die sterk stimulus wat van die openbare sektor se beoogde R750 miljard besteding ontvang sal word in die volgende sowat vyf jaar, kan wel beperk word deur die gebrek aan internasionale, sowel as plaaslike, fondse.

- Die wanbalans wat in die plaaslike ekonomie tussen vraag en aanbod bestaan, sal steeds tot uiting kom in die groot en toenemende tekorte op die handels-, dienste- en lopenderekenings van die betalingsbalans. Die daling van die olieprys is positief vir die handelsrekening, maar word beperk deur die onlangse verswakking van die rand asook die verswakking van die vraag na en pryse van uitvoerkommoditeite. Die diensterekening behoort baat te vind by die uitvloeï van buitelandse kapitaal, omdat dit die rente- en dividendbetalings minder sal maak. Terselfdertyd sal die finansiering van die infrastruktuurprojekte en invoer van kapitaaltoerusting in baie gevalle tot hoër rentebetalings lei. Die verwagting is dat die tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans steeds in die volgende paar jaar kan toeneem. Dit kan tot groter probleme lei indien die internasionale likiditeitskrisis die invloed van kort- en langtermynkapitaal beperk.
- Die daling van internasionale en plaaslike voedsel- en energiepryse – met die uitsondering van Eskom tariewe – kan meehelp om inflasie onder beheer te kry. Die verwagte toename in werkloosheid mag die toename in salarisse en lone ook beperk, maar die aanduiding is dat hierdie stygings in 2009 steeds heelwat hoër as die 6% inflasie-mikpunt sal wees – veral in die geval van geskooldes waar tekorte voortduur. Die huidige verswakking van die rand sal meebring dat ingevoerde pryse in komende maande styg en die meeste sektore van die ekonomie sal beïnvloed. Die voortgesette besteding aan infrastruktuurprojekte sal die algemene vraag in die ekonomie steeds ondersteun. Volgens die Reserwebank bestaan baie onsekerheid oor die impak wat die nuwe berekening van die inflasiekoers op die vlak daarvan sal hê in 2009. My siening is dat inflasie steeds bokant die 6% mikpunt sal bly tot 2010.
- Volgens die Minister van Finansies kan die sentrale regering se begroting in die volgende finansiële jaar wel 'n klein tekort toon. Die fokus van die begroting bly egter steeds op die welsyns- en onderwysektore toegespits. Hopelik sal die verdere toename in onderwysbesteding een of ander tyd resultate toon. Die probleme wat in plaaslike owerhede se finansies bestaan, sal nie voor die volgende algemene verkiesing enigsins aangespreek word nie. (ek vermoed dat dit daarna ook nie opgelos sal word nie!)

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

- Die tekorte aan opgeleide en kundige persone sal voortduur en sal ekonomiese groei in die langtermyn beperk. Werkloosheid kan in die res van die jaar en in 2009 toeneem.
- Daar is tans sterk spekulasie dat korttermynrentekoerse reeds teen die einde van die jaar of dan nie later as April 2009 verlaag sal word nie. Ons moet van hierdie verwagtinge kennis neem, alhoewel ek steeds van mening is dat die wanbalanse in die ekonomie nie so vinnig uit die weg geruim sal word nie. Die verwagting is dat plaaslike rentekoerse verlaag moet word in navolging van internasionale tendense. (Ysland het egter die afgelope tyd rentekoerse van 12% tot 18% verhoog om hul geldeenheid te beskerm.) Persoonlik sou ek baie meer gerus wees indien korttermynrentekoerse nie voor die tweede helfte van 2009 verlaag word nie.
- Langtermynrentekoerse het die afgelope tyd ook die verwagte verlaging van korttermynrentekoerse weerspieël. Die finansiering van die groot infrastruktuurprojekte, die beperkte internasionale finansiering, die verswakking van die rand asook die hoë inflasiekoers sal enige daling beperk – en behoort hierdie koerse eintlik te laat styg.
- Die rand het sterk verswak teen alle geldeenhede weens die uitvloei van buitelandse fondse. Die groot inflasiedifferensiaal tussen die RSA en ons mededingers in die internasionale handelsmarkte asook die groot tekort op die buitelandse handel dui daarop dat die rand verder kan verswak. Indien die rand onderwaardeer is en ons beskik oor die kapasiteit om uit te voer, behoort die tekorte op die handels- en lopenderekenings van die betalingsbalans binnekort uitgewis te wees. So ons moet maar die tekort op veral die handelsrekening dop hou om te sien of daar enige noemenswaardige verbetering intree.

Beleggingsomgewing

- Die dollar het die afgelope maande verstewig teenoor alle belangrike geldeenhede weens die vraag na veilige VSA staatseffekte en die verwagte skerp verswakking van ander ekonomieë en die gepaardgaande verlaging van rentekoerse in hierdie lande.
- Die korttermynrentekoerse in al die groot nywerheidslande – met die moontlike uitsondering van Japan – sal heel moontlik verder verlaag word voor die einde van die jaar.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

- Langtermynrentekoerse in hierdie lande sal in die res van die jaar verder daal weens die invloed van fondse na hierdie instrumente, die verwagte verswakking van ekonomiese groei en verlaging van korttermynrentekoerse.
- Die aanduidings is dat kommoditeite nie spoedig weer enige noemenswaardige stygings sal toon nie weens die verswakking van ekonomiese groei – ook in China – en die gebrek aan likiditeit wat spekulاسie in hierdie markte sal beperk.
- Aandelebeurse kan verder onstabiel wees weens die onsekerheid wat steeds rondom die finansiële sektor heers, die verwagting dat maatskappywinste swak sal vertoon tot minstens die middel van 2009 en die gebrek aan vertroue by beleggers. Terselfdertyd is daar reeds oral aandele wat baie waarde bied vir beleggers.
- Hopelik sal die rand in komende weke en maande minder wisselvallig vertoon, maar die swakker tendens van die rand kan steeds voortduur gegewe die inflasiedifferensiaal en buitelandse handelstekort. Die rand kan ook beïnvloed word deur die algemene tendense van ontluikende lande se geldeenhede.
- Korttermynrentekoerse behoort stabiel te wees tot minstens die tweede kwartaal van 2009 en volgens my siening tot die tweede helfte van 2009. Enige skielike verswakking van die ekonomie of aansienlike daling in die inflasiekoers kan rentekoerse wel vinnig laat daal.
- Langtermynrentekoerse sal steeds deur die tendense van korttermynkoerse, die rand, die vraag na langtermyn finansiering asook inflasie beïnvloed word. Die risiko rondom hierdie koerse bly vir my aansienlik.
- Die plaaslike aandelebeurs sal beïnvloed word deur die optrede van internasionale beleggers, die verwagte verswakking van maatskappywinste en enige onstabiele van internasionale aandelebeurse. Terselfdertyd is daar ook plaaslike maatskappye wat reeds goeie waarde vir langtermyn beleggers bied.

Ulrich Joubert
8 November 2008.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV